**BEREA – REEKS (Hand.17:11) #51**
**VERSLAG VAN GKSA ALGEMENE SINODE 2023**

## Inhoudsopgawe

1. Inleidend 2. Belangrikste besluite 3. Belangrike besluite wat nie vermeld is nie.

## 1. Inleidend

Die algemene sinode van die GKSA in 2023 het plaasgevind in Potchefstroom, vanaf 30 Januarie tot 4 Februarie 2023. Die Agenda wat behandel is, is hier beskikbaar: http://www.cjbf.co.za/sinode2023/inhoud.html Die **amptelike** Handelinge van Sinode 2023 sal later die jaar verskyn, sal by Admin Buro beskikbaar wees, en ook heel waarskynlik hier aanlyn beskikbaar wees saam met vorige sinode Handelinge: https://gksa.org.za/ (kyk by die 'Sinodes' afdeling). Indien enige lidmaat of kerkraad op die 'kerklike weg' sake wil aanspreek wat besluit is deur die Sinode, moet hul dit doen op grond van die amptelike Handelinge.

## 2. Belangrikste besluite om van kennis te neem[1]

Die besluite word bloot vir kennisname deurgegee, die kerkraad moet nog daarmee handel, veral die sake wat die wesentlike VIDA kwessies geraak het, (waar gemeentes nogsteeds in stryd met die Skrif, belydenis en kerkorde vroue as ouderlinge verkies het, en dit vir alle praktiese doeleindes nou verdra en geakkomodeer word, ten minste tot 2026). Hier is van die belangrikste besluite wat geneem is...."

### 2.1 Nog liedere vir GKSA gebruik goedgekeur

"Twee nuwe Afrikaanse liedere goedgekeur: Die liedereskat van die GKSA is twee liedere ryker nadat die Algemene Sinode van die GKSA besluit het om die liedere "Aan U, Heer" deur Bertha Martiz en "Nogtans sal ek juig" deur prof. Amie van Wyk vir gebruik te aanvaar. "Aan U, Heer," 'n beryming van 1 Kronieke 29:11–13, sal as Skrifberyming 1-10 opgeneem word, en "Nogtans sal ek juig" as Skrifberyming 14-6. Intussen is daar ook besluit dat in toekomstige uitgawes van die groen sowel as swart Psalmboeke die numering wat tans in die groen Psalmboek te vind is, gebruik sal word."

### 2.2 Mediaverklaring GKSA teologiese opleiding

"TSP, NWU se paaie skei oor drie jaar

Die GKSA het op Sinode 2018 verskeie opdragte aan die Kuratore insake teologiese opleiding gegee, onder meer om voort te gaan met onderhandelinge met die NWU oor die opleiding van studente van die GKSA in die teologie. Hierdie opdrag het gevolg nadat verskeie regulatoriese en wetswysigings meegebring het dat die NWU 'n nuwe ooreenkoms daar wou stel. Die kuratore het verskeie konsepte aan die NWU voorgehou, maar daar kon nie tot 'n vergelyk gekom word nie. Die nuwe ooreenkoms waarop die NWU wou skik sou o.m. inhou dat die inhoud van die leerplan vir teologiese opleiding geheel in die hande van die NWU sal val. Voorts sal die teologiese professore se tyd aan die NWU behoort en slegs met vergunning by die GKSA aangewend kan word. Teologiese studente sal ook nie noodwendig onderrig ontvang deur Gereformeerde professore of dosente nie aangesien die GKSA geen inspraak sou hê in die aanstelling van professore soos ooreengekom in die huidige ooreen koms nie. Hierdie voorwaardes is na die oordeel van die Sinode nie in lyn met die Skriftuurlike benadering tot teologiese opleiding wat die opleiding van die GKSA se predikante ten grondslag lê nie.

Die NWU het ook skriftelik kennis gegee dat indien die GKSA nie die nuwe ooreenkoms staande die pas afgelope sinode 2023 onderteken nie, is die NWU van voorneme om die bestaande ooreenkoms van 2006 op te sê. Die GKSA het besluit om nie die voorgestelde ooreenkoms te onderteken nie en het kennis geneem van die NWU se voorneme. Praktiese

[1] Soos verkry van die volgende bronne: Dopper dagboek (Facebook), Die Kerkblad (Februarie 2023-uitgawe), Die 'Streeksinodes' GKSA whatsapp groep wat inligting tydens die sinode deurgegee het.

gevolge van hierdie besluit is dat die bestaande ooreenkoms met die NWU oor 3 jaar tot 'n einde sal kom en dat daar dan alternatiewe wyse van opleiding in plek moet wees. Vir hierdie doel het die GKSA besluit om 'n privaat hoër onderwys instelling op te rig en volgens wetgewing te registreer waar studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang. Die naam van hierdie instelling is **Die Gereformeerde Teologiese Akademie**. Die Sinode het die vertroue uitgespreek dat soos dit sowat 150 jaar gelede was toe die Teologiese Skool te Burgersdorp gestig is, die seënende Hand van die Here ook oor hierdie werk sal wees."

**2.3 Groot besluite oor kerklike tydskrifte geneem**

"Die Kerkblad se drukuitgawe word gestaak na April 2023. Die laaste drukuitgawe sal met die 150-jarige herdenking van die Kerkblad saamval, waarna dit net in elektroniese formaat sal voortbestaan. Dit is van die grootste besluite wat die Algemene Sinode van die GKSA geneem het ten opsigte van die kerklike tydskrifte. Dit word genoodsaak as gevolg van stygende koste, veral ten opsigte van drukwerk, en die dalende fondse beskikbaar om 'n drukformaat-tydskrif uit te gee. Die sukses van die elektroniese weergawe van die Kruispad-tydskrif skep hoop dat Die Kerkblad ook 'n goeie opbloei in leserstal sal ervaar. Die sinode het ook die volgende aanbevelings aanvaar:

· Die Kerkblad en Vroueblad onder Deputate Kerklike Publikasies: Tydskrifte sal ressorteer. Die Deputate sal dan ook getaak wees met die aanwys van toekomstige redakteurs. · Die Slingervel sal ressorteer onder die Jeugdeputate, wat ook die redakteur in die toekoms sal aanwys. Waardering is uitgespreek vir die wyse waarop professor Callie Coetzee sy taak as redakteur van die Kerkblad uitgevoer het, en hy sal ook skriftelik bedank word."

**2.4 Algemene Sinode keur 2020-vertaling goed**

Die Algemene Sinode van die GKSA het besluit dat die Bybelteks van die 2020-vertaling van die Afrikaanse Bybel geskik is vir voorlesing en gebruik in die eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Die Sinode spreek ook hul dank en gelukwensing aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uit met die publikasie van hierdie vertaling.

**2.5 Beskrywingspunt van Streeksinode Noordwes: Nasionale Sinode vir Namibië**

"Die Algemene Sinode van die GKSA gee gevolg aan die Beskrywingspunt van die Streeksinode Noordwes, waarin versoek is dat die gemeentes van Klassis Etosha kan organiseer in 'n Nasionale Sinode. Hierdie Nasionale Sinode van Namibië sal nog steeds binne die GKSA funksioneer as meerdere vergadering. Die Algemene Sinode het ook Deputate aangewys, op versoek volgens die beskrywingspunt, om die nuwe Nasionale Sinode vir Namibië te help en te adviseer oor allerlei sake wat die praktiese inrigting en organisasie van die Nasionale Sinode raak, ten einde dit bevredigend te implimenteer."

## 3. <u>Belangrike besluite wat nie vermeld is nie</u>[2]

**3.1 Streeksinode Bosveld se beskrywingspunt aangaande ramings nie goedgekeur nie**

Die streeksinode vra dat ramings vervang word met kollektes, en dat elke individuele gemeente se gevalle afsonderlik ondersoek word vir moontlik afskrywing van agterstallige ramings in sy geheel, en/of afskrywing van rente op agterstallige ramings. Die beskrywingspunt is hier beskikbaar: https://bit.ly/3RHGasM

---

[2] Besluite by 2 is op beide Dopperdagboek, in die Kerkblad en deur whatsapp booskappe uitgestuur. Dit wat nou hier by nr. 3 vermeld word is wat ook oor besluit is, maar nie wyd deur daardie kanale versprei is nie.

**3.2 Gesprekke met die APK**
Hul artikel 3 is gewysig. Dit word goedgekeur dat gesprekke tussen deputate en APK voortgaan, om die nuwe art. 3 te bespreek. Hier is die nuwe bewoording:
*Art. 3.1 Die één, heilige, algemene, Christelike kerk wat ons bely is die vrug van die werk van die drie-enige God onder die koningskap van Christus.*
*Art. 3.2 Hierdie één kerk word verbondsmatig sigbaar in haar verskeidenheid onder al die volke, tale, stamme en nasies wat God geskep het. Die inheemse kerk is 'n verskyningsvorm van die kerk soos God dit wil (vgl. Gén. 11, Deut. 32:8, Hand. 2:8, Hand. 17:26-27, Openb. 5:9, Openb. 7:9, Openb. 21:24 en 26, Openb. 22:2). Die AP Kerk is 'n inheemse vergestalting van die kerk van Christus onder die Afrikanervolk, naas ander kerke.*
*Art. 3.3 Afrikaners wat die saligmakende geloof in Christus bely (vgl. Rom. 10:9-10) en wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.*
**3.3 GK Krugersdorp se appél saak teen klassis Wesrand**
"GK Krugersdorp se appél (teen Klassis Wesrand se besluit van 2021-03-13 dat GK Krugersdorp nie meer saam hul kan vergader weens VIDA nie) kon nie op Streeksinode Randvaal (x3 klassisse) oor besluit word nie, omdat twee klassisse betrokke was in die saak, en slegs 'n paar afgevaardiges oor was van die derde klassis. Dit is verwys na hierdie sinode, en sinode besluit dat SS Randvaal moet 'n naburige streeksinode saamroep om die appélsaak te hanteer en daar 'n besluit te neem."
**3.4 Nuwe kommissie aangewys vir appél teen GK Linden wat geslaag het**
Dit blyk dat ongeag dat appel teen GK Linden geslaag het reeds in 2015, gebeur daar verder niks tussen die partye in terme van versoening en die sake op te los wat gelei het tot die appel nie = die regsgevolge van die appel word nie uitgevoer nie.
**3.5 GK Carletonville se beskrywingspunt met groot meerderheid afgekeur**
Die kommissie het 'n heel ander betekenis aan Carletonville se beskrywingspunt toegeskryf as wat daar staan. Hulle meen verkeerdelik dat Carletonville vra dat geen ekumeniese gesprekke opsigself met enige Vida kerkverbande gevoer word nie, terwyl Carletonville dit duidelik stel dat juis *in daardie gesprekke* wat plaasvind, veral as dit gaan oor 'kerklike eenheid' (in leer, diens en tug), ons kerkverband se besluite oor dat geen susters as ouderlinge en predikante mag dien nie, duidelik gehandhaaf sal word as voorwaarde vir kerklike eenheid. Die beskrywingspunt is hier beskikbaar: https://bit.ly/3JNCyDB
**3.7 GKSA se verhouding tot SARK**
"Daar is op hierdie oomblik geen amptelike verhouding met SARK nie, nie waarnemer status of lidmaatskap nie, daar is 'n groot 'admin probleem' op SARK webblad wat self besluit het dat die GKSA 'member' is (sien: http://sacc.org.za/members/) en kontakprobleme met SARK is rede waarom die webblad nog nie reg gestel is nie, daar sal weer gepoog word om daardie fout reg te maak. Gesprekvoering gaan voort."
**3.8 GK Bult as roepende kerkraad tree in stryd met die Kerkorde op, maar sinode besluit om nie teen hul op te tree nie**
In 'n kommissie rapport word aanbeveel dat die sinode die volgende goedkeur:
*3.2.1 Dat die Sinode die wyse waarop die Roepende Kerkraad die saak hanteer het deur (i) nie enige bespreking toe te laat nie, en (ii) eensydig 'n ordereëling daargestel het, nie goedkeur nie kragtens Artt.33, 45 & 84 KO.*

*3.2.2 Dat die Sinode wel wettig gekonstitueer is en die moderamen wettig verkies is soos wat afgevaardigdes, insluitende die van SS Pretoria, betuig het met hulle instemming*
Daar was bespreking, maar 'n Ordevoorstel word ingedien wat voorstel dat daar van die saak afgestap word en dus nie verder oor besin of besluit word nie. Die meerderheid aanvaar die ordevoorstel.

**3.9 VERDERE VIDA VERWANTE SAKE WORD NIE BEHANDEL NIE, MAAR UITGESTEL NA SINODE 2026**
Hier is die kommissie rapport daaroor wat (ongelukkig) deur die meerderheid van die sinode goedgekeur is: Deur sinode vandag goedgekeur:

> "2 DOKUMENTE TER SAKE
> A21.3 Beskrywingspunt: Klassis Wesrand (https://bit.ly/3ljbcLF)
> A21.5 Adviesvraag van Streeksinode Noordwes (https://bit.ly/40CmpqF)
> A21.6 Beskrywingspunt van Streeksinode Pretoria (https://bit.ly/3jHFtTS)
>
> VOORGESTELDE MANDAAT
> As Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika buig ons nederig voor ons Here oor die kerklike spanning wat tans binne die GKSA heers terwyl ons Here ons roep om mekaar in liefde te verdra en ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede (Efesiërs. 4:1-2).
>
> Daarom wys die Sinode Deputate aan om advies vir die volgende Algemene Sinode voor te berei:
>
> 1 Hierdie advies handel oor die vraag hoe kerke teenoor mekaar behoort op te tree wanneer kerke nie die GKSA se kerklike besluite oor vroue in die amp van ouderling en predikant handhaaf nie.
>
> 2 Hierdie advies word voorberei teen die agtergrond van die Beskrywingspunte wat tydens Sinode 2023 (21.3, 21.5, 21.6) aanvaar is.
>
> 3 Hierdie advies word voorberei op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde.
>
> 4 Hierdie advies word voorberei deur ook buitelandse kerke te raadpleeg.
>
> Terwyl hierdie Deputate biddend en gelei deur die Gees hul advies voorberei, roep ons as kerke mekaar op om ootmoedig, lankmoedig en genadig saam met mekaar te leef, terwyl ons mekaar vertrou en liefhet omdat die Gees ons één gemaak het!"

*Vir verdere inligting: Slabbert Le Cornu, (GK Carletonville) Sel: 082 770 2669*
*E-pos: proregno@gmail.com  Sien ook artikels by: http://proregno.com/*